Verwysing: 20210917-5974
Lêernommer: 11/1/3/1
Navrae: A Lamprecht

Kurrikulum- en Assesseringsbestuurminuut: 0003/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Leerderondersteuning, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Prinsipale

Onderwerp: *Die Burger* se jeugleierskapkonferensie, 13-15 Desember 2021

1. *Die Burger*-koerant, in samewerking met die Wes-Kaap Onderwysdepartement, sal die 63ste jaarlikse jeugleierskapkonferensie vanaf 13 tot 15 Desember 2021 aanbied. Die tema van hierdie konferensie sal "*Die pad na herstel ná 'n wêreldwye pandemie*" wees.

2. Gegewe die impak van die COVID-19-pandemie, sal 2021 se jeugleierskapkonferensie 'n **virtuele geleentheid** wees met vasgestelde tye op hierdie datums. Daar word voorsien om 'n konferensie wat van aangesig tot aangesig is in 2022 aan te bied.

3. Skole word genooi om die verkose voorsitter en/of ondervoorsitter van die verteenwoordigende raad van leerders vir 2022 te benoem om aan hierdie verrykende ervaring deel te neem. Die keuringskriteria word by die aansoekvorm ingesluit.

4. **Prinsipale word versoek om die jeugkonferensie aan te moedig en die gekose leiers te ondersteun deur geskikte aanlyn geriewe aan hulle beskikbaar te stel. Dit sal 'n toeganklike en geskikte lokaal met internetverbinding, wat met 'n kamera, klank en 'n mikrofoon toegerus is, insluit.**

5. Die voertaal van die konferensie sal Afrikaans (die taal waarin *Die Burger* gepubliseer word) wees, en alle aanbiedinge sal in Afrikaans plaasvind. Kandidate vanuit alle taalgroepe sal egter vir keuring oorweeg word indien hulle oor 'n deeglike begrip van die taal beskik en ook vlot daarin 'n gesprek kan voer.

6. Daar word van alle gekose leerders verwag om alle sessies vanaf Maandag,13 Desember 2021 tot Woensdag, 15 Desember 2021 by te woon. Leerders sal dus nie gedurende hierdie tydperk van enige van hierdie sessies verskoon word vir skoolverwante of persoonlike verpligtinge nie.

7. Die aangehegte dokumentasie sal as nominasievorms dien en moet volledig ingevul word. Skole is welkom om enige bykomende inligting wat die nominasie sal ondersteun en versterk, in te sluit.

8. Alle voltooide nominasievorms moet voor of op **05 November 2021** aan **mnr. André Lamprecht** by andre.lamprecht2@westerncape.gov.za per e-pos gestuur word.

9. Let asseblief op die volgende belangrike datums:

• Nominasies sluit:	05 November 2021
• Finale keuringsproses:	10 November 2021
• Bevestiging van die gekose groep in *Die Burger*	13 November 2021

10. Skole kan enige navrae oor die konferensie aan die **konferensievoorsitter, mnr. Barry Volschenk by selfoonnommer 082 376 4794** rig.

11. Prinsipale word vriendelik versoek om hierdie minuut onder die aandag van al die betrokke onderwysers te bring.

12. U ondersteuning in hierdie projek sal waardeer word.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-09-23